TJOKKIE brokkies!

Uitgawe 1|3|2020 — 5 Augustus 2020

Uit die kantoor..

Beste Tjokkie-ouers.

Baie dankie vir u geduld en samewerking rakende die gereelde aanpassings wat betref die kinders se terugkeer skool toe die afgelope tyd. Die nuutste regulasies vir die heropening van skole is op 2 Augustus 2020 in die Staatskoerant gepubliseer. Die nuwe datums vir die 3de en 4de kwartale is ook weereens aangepas (sien die kalender aangeheg).

Goeie nuus is dat leerders hul graad gedurende 2020 sal kan voltooi. U hoef dus glad nie bekommerd te wees oor u kind se skoolwerk en die afhandeling van die akademiese jaar in 2020 nie.

Alhoewel skole volgens die nuutste Direktief weer mag afwyk van die nuwe datums het die skool besluit om te hou by ons beplanning soos op 24 Julie aan u deurgegee. Hierdie besluit is geneem om so min as moontlik verwarring by ouers te veroorsaak. Tjokkies gaan dus nie vroeër begin soos sommige van ons buurskole in Bloemfontein nie.

Terugkeer vir skool:

11 - 12 Augustus	• Gr. 7 (Groep 1)
13 - 14 Augustus	• Gr. 7 (Groep 2)
10 - 14 Augustus	• Gr. 1 - 3 (Werk op e-platform beskikbaar) • Gr. 4 – 6 (Basislyn-assessering) Al die vraestelle kan eenmalig op **10 Aug.** in harde kopie by sekuriteit (hek 1 vanaf 8:00 – 14:00) afgehaal word. Indien u vraestelle via die platform wil aflaai, sal dit daagliks volgens rooster beskibaar wees.
17 – 21 Augustus	• Gr. 7 (Groep 1) • **Groep 3** Hierdie is leerders van Gr. 1 - 6 met komorbiditeite asook leerders wat in isolasie was wat slegs van die e-platform gebruik maak. Onderwysers sal met ouers reël wanneer hierdie leerders moet skool toe kom vir assesserings gedurende hierdie week. • Gr. 1 – 6 (Nuwe lesse op e-platform beskikbaar
24 – 28 Augustus	• Gr. 1 – 7 (Groep 2)

Baie dankie aan ons anker borge! Ondersteun hulle asseblief.

G5 SERVICE · SPAR UNIVERSITAS · CARTRACK PUTTING YOU IN CONTROL · i'm lovin' it · supa quick · MIDAS · DUNLOP ZONE · WISEMAN GROUP · SPEEDY

Gr. 4 - 6 Toetsrooster wat tuis gevolg moet word.

Datum	Vak
Ma. 10 Augustus	Wiskunde
Di. 11 Augustus	Afrikaans
Wo. 12 Augustus	Sosiale Wetenskap
Do. 13 Augustus	Engels
Vr. 14 Augustus	Natuurwetenskappe

Gr.7 leerders volg hul eie toetsrooster wat hul reeds ontvang het.

E-platform
Soos in die vorige nuusbrief genoem is, is die e-platform huidiglik onder konstruksie. Na alle waarskynlikheid sal dit reeds vanaf 6 Augustus weer aanlyn wees vir gebruik.

Ons moes noodgedwonge `n paar aanpassings maak om toegangklikheid te vergemaklik. U sal sien dat die volgende aanpassings aangebring is:

- Werk is verdeel in Kwartale. (U kan dus steeds vorige werk bekom indien u met u kind wil hersien)
- Werk vir kwartaal 3 en 4 sal nie meer volgens weke gelaai word nie, maar volgens datums. (Werk van kwartaal 2 sal egter bly soos wat dit gelaai was)
- Daar is ook nou plek geskep waar drie groepe se werk gelaai sal word. Voortaan sal daar in kleure gekommunikeer word. U moet dus slegs die inligting volg wat op u kind van toepassing is.

  Groep 1 (leerders in klasse wat in groep 1 ingedeel is)
  Groep 2 (leerders in klasse wat in groep 2 ingedeel is)
  Groep 3 (leerders met komorbiditeite en leerders wat in isolasie is)

Ons hoop dat hierdie nuwe aanpassings dit vir u as ouer makliker sal maak om u kinders tuis te ondersteun.
Neem asb. die vrymoedigheid om Mnr. Stefan Smit te kontak by adjunk@tjokkies.co.za indien u nog enige positiewe aanbevelings het om van die e-platform ’n suksesvolle kommunikasiemedium te maak.

Personeel
Graag wens die skool Juf. Chantal janse van Rensburg en haar man Louis, baie geluk met die geboorte van klein William Louis op 5 Augustus. Mag hy vir julle groot vreugde bring.

Baie welkom aan Juf. Celetia Reinders as nuwe onderwyseres by Tjokkies. Sy is deur die Beheerliggaam aangestel in die plek van Mnr. Pieter du Preez wat ons onlangs verlaat het. Juf. Reinders sal die Graad 6 Engels en Graad 5 PSW behartig.

Graag bedank Tjokkies ook Juf. Anna-Marie Venter wat die afgelope maand waargeneem het by Gr.3 in die plek van Juf. Sariana van Vuuren wat met kraamverlof was.
Welkom terug dan ook aan Juf. Sariana wat weer vanaf 11 Augustus by ons aansluit.

Baie geluk aan Juf. Geraldine Doller (GSF-assistent) wat op 12 Augustus verjaar.

Tjokkiegroete
Neels Gunter
Skoolhoof